# ‘n Aardbol en ‘n wêreldkaart

## Graad 4: Geografie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aardbol

LAERSKOOL MIKRO

Die wêreld is rond soos ‘n bal. ‘n **Aardbol** is ‘n ronde model met ‘n tekening van die wêreld daarop.



Planeet Aarde



Aardbol




Die Aarde is rond soos ‘n bal.



Amerika



Afrika en Europa



Asië en Australië

opiereg ©

# Verskillende aansigte van die aardbol

Verskillende aansigte van die Aarde kan deur satelliete waargeneem word. Die satelliet neem ook foto’s van die Aarde.










Die satelliet beweeg in ‘n wentelbaan om die Aarde.

# SpaceX en NASA

SpaceX het op Saterdag 30 Mei 2020 geskiedenis gemaak deur twee Amerikaanse Nasa-ruimtevaarders na die Internasionale Ruimtestasie (ISS) te lanseer.




Die Falcon 9 Crew Dragon-ruimtetuig word lanseer.






Die Falcon 9 Crew Dragon-ruimtetuig gaan deur die aarde se atmosfeer.



Die Dragon-ruimtetuig koppel aan die ISS.



# Wat is ‘n kaart?

‘n **Kaart** is ‘n tekening op ‘n plat stuk papier. ‘n **Wêreldkaart** is ‘n tekening wat die hele wêreld wys asof dit platgestryk is.









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vasteland of kontinent

LAERSKOOL MIKRO

Baie groot areas land word **vastelande** of **kontinente** genoem.

Daar is <u>7 vastelande</u>:

- Noord-Amerika
- Suid-Amerika
- Europa
- Asië
- Afrika
- Australië
- Antarktika







eg ©

# Oseaan

Groot areas soutwater word **oseane** genoem.

Die drie grootste oseane is:

- Stille Oseaan
- Atlantiese Oseaan
- Indiese Oseaan









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Seë

Klein areas water word **seë** genoem.

<u>Voorbeelde hiervan is:</u>

- Middellandse See
- Rooi See









Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eiland

Kleiner areas land wat deur water omring word, word **eilande** genoem.






Robbeneiland met Tafelberg in die agtergrond.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit

Bestudeer die kaart op bl.42-43. Kleur nou die leë wêreldkaart in.

- ➢ Benoem al die vastelande.
- ➢ Benoem die oseane en seë.
- ➢ Kleur die land bruin in.
- ➢ Kleur die oseane en seë blou in.
- ➢ Teken 'n sleutel, asook die kompas.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Die wêreldkaart









erskool Mikro Kopiereg ©